# TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION

| Vak: | Afrikaans 2 | Eksaminatrise: | Mev. Pienaar |
|---|---|---|---|
| Datum: | 10 November 2016 | Moderasie: | Mev. Brits |
| Sessie: | Een | Tyd: | 1 uur 30 minute |
| Graad: | 6 | Totaal: | 45 |
| Instruksies: | Mag NIE woordeboeke gebruik NIE. | | |

This Afrikaans exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School Afrikaans book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.

Naam:___________________________________ Graad:__________

## A: Leesbegrip [30]

**Vraag 1 – Papier herwinning** [10]

Lees die volgende vrae en die leesstuk oor papier herwinning. Beantwoord dan die vrae op die bladsy. Gebruik informasie wat jy in klas en in die leesstuk geleer het.

1. Waarvan word papier gemaak? (1)

   ____________________________________________________

2. Noem drie rede hoekom ons meer papier moet herwin. (3)

   a)__________________________________________________

   ____________________________________________________

   b)__________________________________________________

   ____________________________________________________

   c)__________________________________________________

   ____________________________________________________

3. Skryf een woord uit die eerste sin wat bewys dat die eerste sin net ‘n estimasie is. Skryf NET die woord. (1)

   ____________________________________________________

4. Nie almal herwin papier nie. Wat doen daardie mense met hulle tydskrifte en ou papiere? (1)

   ____________________________________________________

   ____________________________________________________

5. Kies en onderstreep die regte antwoord. (1)
   Die woord ‘verpulp” beteken...
   a. Fyngemaak
   b. Iets wat jy kan eet
   c. Gewas

6. Noem twee voorwerpe wat uit die papierpulp gehaal is. (2)

______________________________________________

7. Noem een produk wat uit herwinde papierpulp gemaak is. (1)

______________________________________________

## Papier herwinning



Suid-Afrikaners gebruik omtrent 50kg papier per persoon elke jaar. Nou wonder 'n mens: Hoeveel bome word dan afgekap? Net 'n klein persentasie van ou koerante, tydskrifte en selfs advertensies word herwin. Die res word sommer net enige plek weggegooi en besoedel dan riviere en die omgewing.

Hoe herwin hulle die papier?
Die papier word in water gesit en verpulp. Daarna voeg hulle middels by wat die drukkersink oplos. Die ink word met water weggespoel. Die papierpulp gaan dan deur 'n filter wat vreemde voorwerpe soos skuifspelde en krammetjies uithaal.

Die papierpulp word gebruik om, byvoorbeeld, die volgende te maak: toiletpapier en snesies, papierhanddoeke, bruinpapiersakke, eierhouers ensovoorts.

**Vraag 2 – Weg gegooi in 'n koekblik** [14]
Lees die volgende vrae en die leesstuk: *Weg gegooi in 'n koekblik*.
Beantwoord dan die vrae op die bladsy.

A. Pas die regte antwoord in kolom B by die vraag in kolom A. (7)
Skryf net die letter langs die nommer bv. 1-a

| A | | B | |
|---|---|---|---|
| 1. | Waar speel die kinders elke Vrydagaand? | a) | Met 'n tou. |
| 2. | Waarin maak die padwerkers vuur as dit koud is? | b) | Buite in die agterplaas. |
| 3. | Waarin bêre Josef sy optelgoed? | c) | 'n Prinses. |


| | | | |
|---|---|---|---|
| 4. | Waarmee maak Josef 'n koppie en 'n piering? | d) | In 'n konka. |
| 5. | Waarmee maak Josef 'n silwer ketting wat jy om jou nek kan dra? | e) | In 'n koekblik. |
| 6. | Waarop sit Lientjie en Josef? | f) | Met blikringetjies. |
| 7. | Wie dink Lientjie is sy wanneer sy die silwer ketting dra? | g) | Op 'n bankie. |

1._____ 2. ____ 3.______ 4. _____ 5.______ 6._____ 7._____

| | |
|---|---|
| B. | Rangskik die sinne in die regte volgorde. Skryf die nommer langs die sin. Begin met 1. |
| | Josef hang die ketting om Lientjie see nek en noem haar 'n prinses. |
| | Lientjie gaan sit by Josef en hulle praat oor sy koekblik. |
| | Een Vrydagaand speel Lientjie en haar maats in die agterplaas. |
| | Daarna maak hy vir haar 'n tower ketting met blikringetjies. |
| | Josef en Lientjie speel eers met 'n stuk tou. |
| | Die ou man, Josef, sit die Vrydagaand op die bank met sy koekblik in sy hand. |
| | Lientjie begin dans met die silwerketting om haar nek. |


(7)

## Weggooigoed in 'n koekblik



Elke Vrydagaand speel Jontie, Stefan, Chrissie en Lientjie buite in die agterplaas. As dit koud is, staan hulle by die padwerkers se konka *(fire drum)*.Dan praat hulle met die ou man, Josef, wat op die bank sit en altyd 'n koekblik by hom het. "Vir my spesiale goedjies," sê Josef as hulle vra. Dan lag hulle net. "Lawwe ou Josef," fluister hulle. "Hy tel weggooigoed op en bêre dit in 'n koekblik!"

Een winderige aand speel die kinders weer in die agterplaas. Almal speel, maar Lientjie staan by die draad. Sy voel 'n bietjie ongelukkig. "*Twieng, Twieng*", speel sy met die draad. Skielik gaan sit Lientjie by Josef



op die bank. Hy sit op ‘n bankie met die koekblik in sy hand . Hy glimlag vir haar. “Dis my spesiale blik,” sê hy, en haal ‘n stuk tou uit die blik. “Hierdie tou was om ‘n pakkie,” sê hy . “Iemand het dit weggegooi. Kyk, dit kan prentjies maak.” “’n Koppie en ‘n piering,” sê Lientjie. “Dis wonderlik!”

Josef skud sy blik. “Kyk,” sê hy en gooi ‘n klomp blikringetjies op die grond. Die ringetjies blink in die lig.

Hy buig die ringetjies om. “As jy hulle aan mekaar haak, word hulle ‘n towerketting,” sê hy en knipoog *(wink)* vir Lientjie. “Enigiemand wat dit dra, word.........’n prinses.”

Josef sit die silwer ketting om Lientjie se nek. “Hier is ‘n ketting vir jou Lientjie. Nou is jy ‘n prinses.”

Prinses Lientjie buig haar knieë en begin dans. Die silwer ketting blink om haar nek. “Ek is ‘n prinses. Ek dink daar is tower krag in daardie blik,” sê sy sag. “Nee Lientjie, nie regtig nie,” sê Josef. “Towerkrag kry ‘n mens nie in blikke nie.”

Die ander kinders staan ook nader. “Waar kry jy dit dan?” vra die kinders. Josef glimlag. “Julle het mos al die goed gesien – die goed was ek hier en daar en oral optel. Julle het die tou gesien, julle het die koppie en piering gesien, en julle het die prinses met die silwer ketting gesien. Sien julle, gewone weggooigoed maak my gelukkig. ‘n Mens kan geluk vind in die klein dingetjies van die lewe.”



Hulle knik *(nod).* “Dis waar, “sê Lientjie. “Ek was gelukkig toe ek my verbeel het ek is ‘n prinses met ‘n silwer ketting. Dis hoe towerkrag werk.”

*Deur Wendy Hartman (verkort en verwerk)*

**Vraag 3 – Die Snippermandjie** [6]

Lees die volgende vrae en die leesstuk: Die Snippermandjie. Beantwoord dan die vrae op die bladsy.

1. Wat is die snippermandjie se werk? (1)

   ______________________________________________

   ______________________________________________

2. Hoe het die snippermandjie geweet dat Flippie nul uit tien vir sy toets gekry het? (1)

   ______________________________________________

   ______________________________________________

3. Wie het die broodkorsie in die snippermandjie gesit? (1)

   ______________________________________________

   ______________________________________________

4. Hoekom is die bordkryt gelukkig om in die snippermandjie te wees? (1)

   ______________________________________________

   ______________________________________________

5. Onderstreep die regte antwoord. Die rym patroon in vers 3 is..... (1)
   a. Omarmend rym
   b. Paar rym
   c. Kruis rym

6. Onderstreep die regte antwoord. In vers ses, 'bak en brou', is 'n voorbeeld van...... (1)
   a. Vergelyking
   b. Intensiewe vorm
   c. idioom
   d. alliterasie




'n snippermandjie

**Die snippermandjie.**

"Ai!" sug die Snippermandjie
daar voor die klas.
"Ek wonder wat vandag alles
in my sal pas?"

"Lekkergoed papiertjies of blikkies of.....?
Wag, ek moet ophou droom,
Want kaplaks hier tref
'n stuk bordkryt my boom!"

"Dankie tog," sug Bordkryt,
"uiteindelik kan ek rus.
'n Nuwe stukkie bordkryt
skryf die somme met lus!"




'Woeps!" val Broodkorsie *(crust),*
En sê ewe spyt"
"Het Jessie nie geweet nie?
Ek is die duiwe se ontbyt!"

"Grts-grts," fluister Snippermandjie,
"Ek het tog gesien.
Flippie het vir sy toets
Net mooi nul uit tien!"

"Maar ek bly maar stil
En laat hul bak en brou,
Want my werk is net
Om die klas skoon te hou!"

**<u>B. Taal in konteks</u>** [15]

**Vraag 1 – Voornaamwoorde** (½x2)

Voltooi die volgende sinne deur die regte voornaamwoord in te vul.
Bv. **Ek** gooi papier in **my** vullisblik. Die vullisblik is **myne**.

1. **Hulle** gooi ou blomme in _______vullisblik. Die vullisblik is _________ _______.

**Vraag 2 - Meervoude** (½x2)
Gee die regte vorm (meervoud) van die woorde tussen hakies.

David, kyk net al die rommel! Daar lê baie (blik)_____________, en (bottel) ______________ rond.

**Vraag 3 - Verkleinwoorde** (3)
Gee die regte vorm (verkleinwoord) van die woorde tussen hakies.

Tel alles op! Daar lê nog ‘n klien (papier)__________, ‘n kort (tou)____________en ‘n stukkende, klien (besem)_________________ .

**Vraag 4 - Sin soorte** (2)
Onderstreep die sin soort vir die volgende sinne.

1. “Jy moet die rommel in die vuilisblik gooi!”
   a. vraagsin
   b. stelsin
   c. bevel
   d. uitroep

2. “ Hoera! Die klaskamer is skoon!”
   a. vraagsin
   b. stelsin
   c. bevel
   d. uitroep

**Vraag 5 - Punktuasie** (½x4)
Skryf die volgende sin oor met die regte punktuasie.

**as ons nie die aarde skoon hou nie sal ons almal siek word**

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

**Vraag 6 – Direkte en indirekte rede.** (2)
**Skryf die volgende sin oor (a) na direkte rede en (b) indirekte rede.**

a) Die ou man het die seun gevra om die rommel in die vuilisblik te sit.

______________________________________________

______________________________________________

b) "Ek is baie honger!" skree Snippermandjie

______________________________________________

______________________________________________

**Vraag 7 - Voegwoorde** (1)
**Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord tussen hakies.**

Snippermandjie het bordkryt geëet. Snippermandjie is nie meer honger nie (daarom)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Vraag 8 – Woordsoorte** (1)
**Onderstreep die regte antwoord om die sin waar te maak.**

'Piesangskille' is 'n ..........

a. voornaamwoord
b. voegwoord
c. selfstandige naamwoord
d. werkwoord

**Vraag 9 - Voorsetsels** (2)
**Kyk na die prentjie. Voltooi die sinne met die regte voorsetsel.**



a) Die seun herwin die plastiek bottels saam ___________ sy ouers.
b) Die seun hou die boksie ________ hom.